*Historiese belang*

Macroriehuis is in 1870 deur biskop W. A. K. Macrorie aangekoop en deur hom bewoon tot sy vertrek na Engeland in 1892. Dié Victoriaanse huis is ten nouste verbonde met die ontwikkeling van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika. 10/2/485.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 210 18 Februarie 1977

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Ganesha-Tempel te Mount Edgecombe, Natal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Ganesha-Tempel geleë op die restant van Perseel 22 op die Umhlangarivier, county Victoria, en groot eenduisend sewehonderd agt-en-dertig (1 738) akker, een (1) roede en agt-en-twintig desimaal vyf vyf agt (28,558) "perches".

Transportakte 1547/1921, gedateer 26 April 1921 (paragraaf 8).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie Hindoetempel is die eerste bouwerk van die bekende argitek en bouer, Kristappa Reddy. Die gebou is in 1899 opgerig en vorm 'n unieke deel van Suid-Afrika se kulturele en argitektoniese erfenis. 10/2/484.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 251 18 Februarie 1977

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde vereniging het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van sy heraldiese voorstelling. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstelling beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

*Aansoeker.*—City and Civil Service Club, Kaapstad. (H4/3/1/2253.)

*Wapen.*—Gevierendeel: 1, in blou, uitkomende van twee golwende versmalde dwarsbalke in die skildvoet, 'n galei in volle seil, vlae en wimpels wapperende na regs, alles van silwer; 2, in silwer, 'n Tudor-roos, geknop en gepunt van natuurlike kleur; 3, in silwer, 'n dissel gestingel en geblaar van natuurlike kleur; 4, in blou, 'n valhek van silwer; die skild gedek deur 'n muurkroon van rooi, gemessel en met 'n pylgleuf, albei van silwer.

*Wapenspreuk.*—UNUS ET IDEM.

*Historical interest*

Macrorie House was purchased in 1870 by Bishop W. A. K. Macrorie and occupied by him until his departure for England in 1892. This Victorian house is closely associated with the development of the Anglican Church in South Africa. 10/2/485.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

---

No. 210 18 February 1977

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic Ganesha Temple at Mount Edgecombe, Natal, to be a national monument.

*Description*

The historic Ganesha Temple, situate on the remainder of Lot 22 on the Umhlanga River, County of Victoria, in extent one thousand seven hundred and thirty-eight (1 738) acres, one (1) rood and twenty-eight decimal five five eight (28,558) perches.

Deed of Transfer 1547/1921, dated 26 April 1921 (paragraph 8).

*Historical and architectural interest*

This Hindu temple is the first building by the well-known architect and builder, Kristappa Reddy. The building was erected in 1899 and forms a unique part of South Africa's cultural and architectural heritage. 10/2/484.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

---

No. 251 18 February 1977

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned association has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its heraldic representation. Anyone wishing to object to the registration of this heraldic representation on the ground that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant.*—City and Civil Service Club, Cape Town. (H4/3/1/2253.)

*Arms.*—Quarterly: 1, Azure, issuant from two barrulets wavy in base, a lymphad, sail set, flags and pennants flotant to dexter, Argent; 2, Argent, a Tudor rose barbed and seeded proper; 3, Argent, a thistle slipped and leaved proper; 4, Azure, a portcullis Argent; the shield ensigned with a mural crown Gules masoned and arrow-slitted Argent.

*Motto.*—UNUS ET IDEM.